

HOE POST-MODERN IS POSTMODERNISME? ENKELE GEDAGTES

L F Schulze¹

Cogito ergo sum
Descartes

I think not, said Descartes,
and promptly disappeared
Internetplakker

We cease to dogmatize
Sextus Empiricus

ABSTRACT

How Post-Modern is Postmodernism?: Some Reflections

It is imperative for the Christian to confront Post-Modernism and try to gauge its meaning(s). The very term Post-Modernism seems to breathe the fresh eschatological air of being 'with it' in a super way — past the modern age and in uncharted waters. Reference to the Sophists and Sceptics of Ancient Greece, however, turns out some striking similarities to Post-Modernism, disclaiming its ultra novelty. Besides, the sophistry of rhetoric, presupposing and simultaneously feeding relativism, is rejected by Paul (1 Cor 1.17), who proclaims the 'grand design' of history (Eph 2-3).

1. INLEIDING

Die term Postmodernisme word tans algemeen gebruik om die geestesklimaat van die hedendaagse Westerse kultuur te tipeer. Die term suggereer 'n vars eskatologiese bries, 'n opwindende byderwetsheid waarheen die wêreld sedert die laaste paar dekades van die 20ste eeu beweeg. Die Modernisme is agterhaal. Vorentoe lê die nuwe era van tans nog ongekarteerde vaarwaters, "an unknown but suggestive future" (Jencks, 1996:15).²

- 1 L F Schulze, Dept Dogmatologie en Ekklesiologie, PU vir CHO, Potchefstroom.
- 2 Jencks, 'n invloedryke skrywer oor Postmodernisme, beklemtoon die ongekarteerde waters, die oopheid na die toekoms, wat deur Postmodernisme

Die inslag en belang van die term blyk byvoorbeeld duidelik uit die feit dat daar binne die verloop van 'n jaar (1992-1993) nie minder nie as drie omvattende en invloedryke *Post-Modern Readers* verskyn het — iets wat in die glorie-dag van die Modernisme ongekend was, en wat Jencks (1996:14) noop om te praat van “the fast and furious pace of the term”.

In die lig van hierdie omstandighede is dit vir die Christen(-wenskapslike) roeping om deur kennisname, analise en kritiese evaluering met die Postmodernisme in die reïne te kom. Hy/sy leef immers óók in hierdie sogenaamde postmoderne wêreld, waarin die weg “In U lig” (Ps. 36:10) gevind moet word. Dit vereis 'n behoorlike kennis van die huidige tyd en stel die taak om die Postmodernisme onder die vergrootglas te plaas.

In die volvoering van dié taak is daar reeds belangrike bydraes gelewer (kyk bv. De Villiers, 1991; Cooper, 1993; Van der Walt, 1996; Hendriks, 1996 — om enkele te noem). Hierdie artikel wil deur 'n doelbewus beperkte vraagstelling (die suggestie van nuutheid en gevolglik die regverdigbaarheid van die term) enkele gedagtes aanbied. Op 'n heel on-postmodernistiese manier word hier getrag om Postmodernisme sover moontlik ‘van buite af’, in openbaringslig te benader.³

uitgedruk word: “Since ‘modern’ comes from the Latin modo meaning ‘just now’, ‘postmodern’ obviously means ‘after’ just now - or sometimes beyond, contra, above, ultra, meta, outside-of the present. This attack on the present tense is motivated by the idea of living across time, in an historical and cultural continuum that stretches into the future” (1996:14); “The psycho-logic of being ‘post’ is that of transcendence, so there are spiritual and political overtones to the term. Going beyond the modern means, in spatial terms, to get above or outside the present. One should not underrate this desire, the most potent of the inherent meanings” (1996:15 - eie kursivering). Ten spyte van hierdie skerp uitsprake hoort Jencks nie tot die groep wat Modernisme en Postmodernisme antities teenoor mekaar stel nie: “For me the post-modern is the continuation of modernity and its transcendence. In this sense it is critical” (1996:15).

3 “Van buite af” hou in dat hier nie kant gekies word in die onderlinge verskille oor die siening van wat Postmodernisme is nie. Die nuanses in die sienings van

Die taak sou veel makliker gewees het as daar van Postmodernisme 'n pasklaar definisie gegee kon word en die lewensbeskoulike elemente daarvan duidelik afgeëts kon word. Om Postmodernisme egter te konfronteer en te evalueer is makliker gesê as gedoen, want die term is op sigself 'n verkleurmannetjie soos blyk uit die volgende :

- (a) die term is reeds in 1870 vir die eerste keer gebruik en het sedertdien (oor 125 jaar!) in die titels van meer as 70 boeke gepryk (kyk Jencks, 1996:14-15);
- (b) die term is aanvanklik in negatiewe sin, later in positiewe sin gebruik en dié dubbelslagtigheid is nog nie uitgesuiwer nie;
- (c) die term kan verskillende betekenisse hê, byvoorbeeld: 'n kunssryl (insluitende argitektuur, waarin dit vroeg 'n vastrapplek verkry het), 'n sosio-politieke omstandigheid, 'n filosofie — sodat Nicholson (1989:197) die vraag opper: "Is postmodernism primarily an epistemological, artistic, or political phenomenon?";
- (d) die omvang van die term word verskillend omskryf, byvoorbeeld dat Derrida se dekonstruksie by Postmodernisme hoort (Hassan, aangehaal deur Jencks, 1996:19), dat dit nie by die Postmodernisme hoort nie maar by die laat Modernisme (Jencks, 1996:19), of dat 'n stilistiese/teoretiese indeling oopgelaat word (Stevens, 1996:32).

In die lig van bostaande gegewens is dit nie haalbaar om 'n afdoende definisie van die multi-dimensionele term Postmodernisme te gee of 'n nuwe aan die reeds bestaande veelheid (Rose, 1992) toe te voeg nie. In hierdie artikel word gevolglik 'n ander weg gevolg, naamlik om enkele algemene kenmerke van die Postmodernisme uit

die verhouding Modernisme en Postmodernisme is immers legio - dáárvan vertel die 70 titels wat Jencks (1996:14-15) noem, elkeen sy eie verhaal. Daarom word geen poging aangewend om óf die krities- kenteoretiese óf die esteties-argitektoniese of watter ander aksent ook al, as 'tipiese' trekke van Postmodernisme uit te wys nie. Hulle hoort almal op een of ander wyse tot die Postmodernisme - iets wat juis bydra tot die (irrasionele) vloeibaarheid van die term.

te lig en in die lig van die geskiedenis te kyk of dit werklik so nuut is as wat die term suggereer en sommige voorstanders daarvan adverteer. Ten slotte sal enkele uitsprake van die Skrif ten tye van die multi-kulturele 'global village' van die Hellenisme as rigtingwysers aan die orde kom.

2. TREKKE VAN DIE POSTMODERNISME

Oelkers het in 1987 'n artikel geskryf met die veelseggende titel *Die wiederkehr der Postmoderne*, waarin hy aantoon dat daar in die filosofie, lettere en kuns van die vorige eeuwending sulke opvallende ooreenkomste met die Postmodernisme bestaan dat in 'n bepaalde sin "von einer Wiederkehr" gepraat kan word (Oelkers, 1987:21). Hierdie artikel gaan in dieselfde koers maar wil 'n lyn terug volg tot by elemente van die Griekse denke wat in die Postmodernisme terugkeer. Die opskrifte (voorbeeld, beeld, na-beeld) is gevolglik deels merafories bedoel om die stof te rangskik en impliseer nie 'n simplistiese reglynige of selfs eenlynige invloed nie. Intendeel, dit is bekend dat verskillende gedagtegeenge in die Postmodernisme konvergeer, byvoorbeeld dié van die vitalisme, simbolisme, eksistensialisme, fenomenologie, en poststrukuralistiese taalsterieë (Freadman & Miller, 1992; Habermas, 1991; Lucie-Smith, 1988; Lyotard, 1984; Oelkers, 1987; Rose, 1992).

Oor enkele trekke van die Postmodernisme is daar 'n groot mate van eenstemmigheid: dat dit hoort tot die Westerse kultuur; dat dit die veelheid van kulture in die 'global village' erken, en dat dit gevolglik die konteksgebonde en subjektiewe karakter van oordele (ook wetenskaplike oordele) handhaaf (Habermas, 1991; Lyotard, 1984).⁴ Hierdie kenmerkende opvattinge van die Postmodernisme

4 Die irrasionele klimaat van die 'postmoderne toestand' word kernagtig deur Lyotard (1984:60) opgesom: "Postmodern science - by concerning itself with such things as undecidables, the limits of precise control, conflicts characterized by incomplete information, 'fracta', catastrophes, and pragmatic paradoxes - is theorizing its own evolution as discontinuous, catastrophic, nonrectifiable, and paradoxical. It is changing the meaning of the word knowledge, while expressing how such a change can take place. It is producing not the known, but the unknown".

toon egter verrassende ooreenkomste met die opvattinge van die sofistiese en skeptiese van die antieke Griekse kultuur en sal vervolgens nader toegelig word.

3. DIE VOOR-BEELD: DIE SOFISTE

'n Opmerkbare 'prefiguratie' van die Postmodernisme word aangetref in die opvattinge van die sofistiese, wat gedurende die 5de eeu v.C. 'n prominente plek in die leef- en denkwêreld van Athene ingeneem het. Hulle was rondreisende onderwysers wat van heinde en ver na Athene gekom en daar in 'n groot behoefte voorsien het, naamlik om die jeug van die jong demokrasie wat Perikles geskep het, te onderrig in politieke debatvoering. Grammatika en retoriek was immers die gebiede waarin die sofistiese uitblink het en "the power of persuasion had become a political necessity in the democratic Athens for anyone who hoped to rise to the level of leadership" (Stumpf, 1975:33).

As reisende dosente het hulle beskik oor 'n wye onderwyservaring in diverse omstandighede. 'n Uitstaande kenmerk was hulle ensiklopediese kennis van verskillende kulture, en juis dit het hulle skeptiese gemaak aangaande die algemeen-geldigheid van waarheid, landswette en sedelike norme. Hoewel hulle jongmense met vrag vir die regsberoep opgelei het deur hulle te leer om die oorredingskuns beide vir of téén 'n beskuldigde aan te wend, het dit nie daarby gebly nie. Dit was alles goed en wel solank dié kuns in diens van die waarheid en geregtigheid gestaan het. Retoriek of oorredingskuns is immers 'n handige instrument vir die regsberoep. Dis soos 'n broodmes waarmee brood gesny kan word. Dieselfde instrument kan egter ook vir egoïstiese of selfs destruktiewe doeleindes gebruik word: met 'n broodmes kan ook moord gepleeg word. Die skeptiese inslag van die sofistiese het hulle juis in hierdie rigting verlei deur jongmense te leer om die retoriek vir eie gewin te gebruik. Nog erger: hulle het jong seuns van vooraanstaande families vergader "only to lead them in a critical and destructive analysis of their traditional religious and ethical views" (Stumpf, 1975:43). Hierdie optrede en hulle praktyk van onderrig teen betaling het hulle ten slotte in onguns gebring sodat sommige uit Athene verban is.

Protagoras (ong. 480-410 v.C.), afkomstig van Abdera, was die oudste en invloedrykste sofis of 'intellektueel' (Gr.: *sofos* = wys). Van hom kom die volgende stelling: "Die mens is die maat van alle dinge, van die dinge wat is, dat hulle is, en van die dinge wat nie is nie, dat hulle nie is nie". Die bedoeling hiervan is waarskynlik dat daar in alle menslike oordele 'n subjektiewe element is (Sprey, 1960:519; Vollenhoven, 1950:204). Oor die bestaan of nie-bestaan van die gode wou Protagoras hom vanweë die duisterheid van die onderwerp en die kortheid van die menslike lewe nie uitlaat nie. Menslike kennis is beperk tot die sintuiglik waarneembare en verskil van mens tot mens. Die verskil geld selfs in 'n dubbele mate, naamlik wat gesigspunt betref en wat (bloot) onderskeie persoonlike ervaring betref. As twee mense byvoorbeeld dieselfde voorwerp betrag, sal hulle waarneming verskil omdat elkeen se posisie ten opsigte van die voorwerp verskil. In die tweede geval: as 'n voorwerp, byvoorbeeld 'n wind wat waai, twee mense omvou, sal hulle waarneming nogtans verskil: vir die een sal dit koud voel, vir die ander (warmbloedige, wat pas tevore 'n kilometer gestap het) sal die wind warm voel. Daar bestaan geen norm om die werklike aard van die dinge (hulle waarheid) te bepaal nie: "a thing has as many characteristics as there are people perceiving it. There is no way to distinguish between 'appearance' and 'reality'; for the person who says that the breeze is cold it really is cold and does not simply appear so just because it feels warm to somebody else" (Stumpf, 1975:43).

Protagoras het geleer dat ook sedelike norme relatief is. Tog het hy nie hieruit die konsekwensie van 'n volslae subjektiwisme getrek nie: hy het nie gesê dat elkeen maar kan doen wat goed is in sy eie oë nie. Inteendeel, hy erken — heel konserwatief! — die regstaat (Vollenhoven, 1950:206). Dit beteken egter nie dat die wette van alle volke (state) ooreenkomste vertoon omdat 'n algemeen geldige natuurreg aan wette ten grondslag lê nie. Die werklikheid vertoon inteendeel 'n veelheid van wette en etiese kodes wat van staat tot staat, van volk tot volk en van kultuur tot kultuur verskil — juis omdat wette nie in die natuur begrond is nie maar op konvensie berus (kyk Stumpf, 1975:35). Elke staat maak wette en die wette behoort deur die onderdane as algemeen aanvaarde etiese kode gehoorsaam te word omdat die wette so goed is as enige ander wat

uitgevaardig kan word. Om dieselfde rede moet die heersende godsdiens beoefen word — al kan oor die gode niks gesê word nie. Een saak is duidelik: daar bestaan geen kriterium op grond waarvan die wette van een kultuur as 'goed' en dié van 'n ander as 'sleg' beoordeel kan word nie.

Protagoras se kennisleer is persoonlik-relatief: die wind is koud want dit is-vir-my koud. Sy etiek is kollektief-relatief. Tussen en agter en onder die relativismes het die waarheid egter soek geraak.

Rose (1992:49-50) gee 'n opsomming van Hassan se kontrasterende eienskappe van 'Modernisme' en 'Postmodernisme'. In die lang lys is daar één, naamlik *signified* (Modernisme) — *signifier* (Postmodernisme), wat verby De Saussure stippellyntjies trek tot by Gorgias (ong. 485-380 v.C.), die retorika-virtuoos wat by geleentheid feesredenaar by die Olimpiese én by die Pithiese spele was (anon., 1973, 4:454). Wat hier van belang is, is nie sy ongelooflike behendigheid in die kommunikasiekuns nie maar sy oortuiging dat kommunikasie nie waarheid kan oordra nie. Die verband waarin hierdie vreemde opvatting verstaan moet word, is sy argument: "(1) that nothing could exist; (2) that what did exist could not be known by us; (3) and that which was known could not be imparted to another" (Zeller, 1909:93). Hy verduidelik die laaste stelling deur daarop te wys dat ons met woorde kommunikeer. Woorde is egter net tekens (simbole) van dinge wat be-teken (gesimboliseer) word. Wat ons dus in kommunikasie oordra, is bloot die tekens maar nooit die gesimboliseerde dinge self nie (kyk Stumpf, 1975:35-36). Gorgias verduidelik sy stelling nog nader: Hoe kan iemand deur woorde die voorstelling en kennis van kleure oordra as die oor nie kleure hoor nie maar klanke? (kyk Ueberweg, 1920:135).

Of dit alles maar speelse vertoon van die krag van die oordredingskuns was — dááror verskil geleerdes. Miskien was hier tog meer op die spel, omdat Aristoteles in sy *Teen Gorgias* dit die moeite werd ag om hierdie sofis te weerlê (Ueberweg, 1920: 135-136). Tog kan 'n speelse element (afgesien van die kenteoreties-nihilistiese inhoud) in Gorgias se metode bespeur word, naamlik om 'n sluitrede te bou wat net so goed water hou as opponerende argumente. Hierdie tong-in-die-kies moedswilligheid kom ook in

ons postmodernistiese tyd na vore, byvoorbeeld in die speelsheid van die tweede motto hierbo, wat Descartes se beroemde woorde omdraai. In die moderne skote kunste is daar ook voorbeelde van hierdie soort inkongruente juxtaposisie, soos gesien kan word in Hamilton-Finlay se *Adorno's Hut* (afb. in Jencks, 1996:10).

4. DIE BEELD: DIE SKEPTICI

Hoewel Sokrates (470-399 v.C.) soms ten onregte by die sofiste getel word, was hy in werklikheid een van hulle skerpste kritici. Sy doel was om na waarheid te soek "and considered it his mission to seek out the basis for stable and certain knowledge" (Stumpf, 1975:37). Sy doelstelling is ook gevolg deur Plato (428-348 v.C.) en Aristoteles (384-322 v.C.).

Ná die oudste natuurfilosowe se vrae oor die aard van die dinge was die optrede van die sofiste aanvanklik niks meer as 'n tussenspel in die geskiedenis van die Griekse denke nie. Die sofiste se optrede is gevolg deur die bloei van die Griekse filosofie, wat deels deur die sofiste se bevraagtekening van waarheid wakker geroep is. Tydens die lewe van Plato en Aristoteles begin daar egter weer 'n 'teenreaksie' teen hulle soeke na waarheid: Pyrrho (361-270 v.C.) lei die skeptisisme die filosofiese arena binne.

Ondertussen was die staatkundige wêreld besig om totaal te verander: die geniale militêre strateeg, Alexander die Grote (356-323 v.C.) verower die destyds bekende wêreld en kleur die politieke wêreldkaart heeltemal anders in. Gelyktydig het dinge ook radikaal verander, want Alexander het — anders as sy Assiriese en Babiloniese voorgangers — nie verower om te verslaaf nie maar om te verenig. "At a celebrated banquet ... Alexander prayed for concord and partnership in empire between Greeks and Persians" (Ferguson, 1973:8). Sy soldate dra die Griekse taal en kultuur die wêreld in en bring 'die wêreld' terug na Griekeland: meer as tienduisend soldate het met Oosterse meisies getrou en hulle huis toe gebring. Die etnies-kulturele mengsel met sy geur van verdraagsaamheid en wêreldbroederskap het in die Hellenisme gestalte gekry. Die prototipe van ons 'global village' is gebore — "die volheid van die tyd" (Gal. 4:4).

Teen bogemelde sosio-politieke agtergrond is dit begryplik dat, anders as in die geval van die sofiste, Pyrrho se skeptisisme hierdie keer gekom het om te bly. Immers, kulturele pluralisme was nie meer die ervaring van enkele rondreisende onderwysers nie maar was nou die daaglikse ervaring van Jan Alleman. Skeptisisme sou vir meer as vier eeue 'n integrale deel van die Hellenistiese kultuur bly. Die laaste groot verdediger en samevatter van die skeptisisme was Sextus Empiricus (200-250). Terwyl die meeste skeptici se geskryfte verlore gegaan het; het sommige van Sextus se werke bewaar gebly. Daaruit kan 'n beeld van hulle opvattinge verkry word.

Sommige skeptici het hulle op die sofiste as hulle voorgangers beroep (Windelband, 1923:213, verw. 1). Dit kon hulle tereg doen omdat hulle by wesenlike opvattinge van die sofiste aangesluit het. Wat nuut was, was die feit dat die insigte van die sofiste nou die vaste kontoere van 'n filosofie aangeneem het (Windelband, 1923:213).

Daar is volgens Sextus drie groepe mense. Die eerste groep meen dat hulle die waarheid gevind het. Hulle is die dogmatiste. Sextus se afkeer van die dogmatiste blyk uit sy elf boeke, getitel *Adversus mathematicos*, waarin hy dogmatisme in elke vak van die wetenskap bestry het (anon. 1890: 903). Die tweede groep soek na waarheid maar is oortuig dat dit nie gevind kan word nie. Hulle neem volgens Sextus ook 'n dogmatiese posisie in. Anders as die eerste twee groepe tipeer Sextus die derde groep met die woorde: ... "the Sceptics keep on searching" (aanhaling deur Stumpf, 1975:126) — en dit met die doel om innerlike vrede en 'n gelukkige lewe te vind. Ter wille van gemoedsrus moet die oordeel oor wat waarheid is, (voorlopig) opgeskort word. Ons sintuie bied ons immers onbetroubare kennis van dinge (bv. wanneer 'n roeispaan in die water gebuig lyk), en ons het geen kriterium om te bepaal wanneer sintuiglike kennis korrek en waar is en wanneer nie. Dieselfde geld vir die sedelike lewe. Ook morele opvattinge is aan twyfel onderworpe, want mense in verskillende samelewings verskil oor wat goed en reg is. Gewoontes en wette verskil nie net van kultuur tot kultuur nie maar ook binne dieselfde kultuur van tyd tot tyd. Op sterkte hiervan het die skeptici die stoïsyne se leer van 'n universele rede (*logos*), waaraan alle mense deel het en daar dus konsensus heers oor menseregte, verwerp. Die

werklikheid praat volgens die skeptici 'n ander taal: geen konsensus nie maar mense wat verskil en wat elk vir sy eie opvattinge oortuigende argumente op tafel kan sit. Omdat ons slegs 'n veelheid van (modern gesê: kontekstueel verankerde) opvattinge oor wat reg en goed is, het, moet ons ook hier die oordeel oor etiese waarheid opskort.

Dis ooglopend dat die skeptici in hulle opvatting van wette en (etiese) norme presies in die voetspore van die vroeëre sofiste trap. Die sofiste was immers oortuig dat landswette en sedelike norme nie in die natuur (resp. natuurreg) begrond is nie maar op konvensie berus.

Betekén dit alles dan dat ons met ons daaglikse lewe in die woestyn is? Sokrates het tog immers geleer dat slegs ware kennis tot die regte dade lei (kennis is deug). Nee, het die skeptici geantwoord, dis nie nodig om kennis te hê om ons sinvol te gedra nie. "It is enough, they said, to have reasonable assurance, or what they called *probability*." (Stumpf, 1975:129.)

Soos die sofiste het die skeptici universele waarheid, waardes en beginsels ontken, die sofiste se leer van relatiewe kontekstualiteit oorgeneem en verskerp en boonop die waarskynlikheidsleer ingevoer.

5. DIE NA-BEELD: POSTMODERNISME

In die inleiding hierbo is reeds gewys op verskillende probleme wat opduik wanneer getrag word om te sê wat Postmodernisme nou eintlik is. Tans moet die ooglopende tog hardop gesê word: die omskrywing van Postmodernisme hang af van wat onder Modernisme verstaan word (Oelkers, 1987:22). As dit "rasionalisties-deterministiese denke" (Van der Walt, 1996:175) of "rasionaliteit, humanisme" (Hendriks, 1996:498, verw. 10) beteken, sit ons opgeskeep met die irrasionele eksistensiefilosofie, wat sedert die jare twintig tot sestig die wagwoord gevoer het en wat Sartre uitdruklik as "'n humanisme' bestempel het. Irrasionalisme is dus nie die teëpool van humanisme nie maar 'n ander gesig van dieselfde humanisme. Tweedens is daar die woordjie *post*. Beteken dit gewoonweg 'ná, verby' die Modernisme, of is dit 'n sweeps slag téén die Modernisme, of loop dit parallel met die Modernisme?

Al dié vrae lei weer weg van die haglike taak om te probeer definieer wat Postmodernisme is. Die vrae lei eerder na die oorweging van 'n paar gemeenskaplike trekke tussen Postmodernisme en gedagtes wat reeds by die Grieke geleef het — gemeenskaplike trekke wat só sterk is dat Postmodernisme as 'n 'na-beeld' van die sofisme en skeptisisme tipeer kan word. 'n Metafoor het sy beperkings. Gebruik daarvan kan maklik tot reduksie en ooreenvoudiging lei. Tog word dit nie hier gebruik om die enorme verskil tussen toe en nou wat tegnologie (insluitende elektroniese kommunikasie en kennisversameling) betref, te ontken nie. Na-beeld word egter wel gebruik om die opvallende ooreenkomste in menslike opvattinge en verklarings van gegewens toe en nou aan te toon. Die herkoms van die ooreenkomste moet waarskynlik toegeskryf word aan die feit dat die humanistiese denke beperkte epistemiese opsies het. Dit kan die omstandigheid verklaar dat die pendulum in die Westerse denke sedert die Grieke tot vandag gedurig telkens tussen die uiterstes van objektiwiteit-subjektiwiteit (resp. van rasionaliteit-irrasionaliteit) swaai (Lucie-Smith, 1988:8-11; 54-55).

Enkele voorbeelde word ter toeligting gegee.

- (1) Van der Walt (1996:170) beskryf die postmodernistiese opvoedkundige term *presence* as "die mens se vertolkende aktiwiteit wat lei tot waarheid-vir-my". Dis 'n opvoedkundige toepassing van dieselfde kenteoretiese subjektiwisme wat Protagoras reeds verwoord het deur te sê dat die wind koud is omdat dit vir-my-koud is. (Vir 'n kritiese bespreking van Derrida se gebruik van *presence* kyk Freadman en Miller, 1992:116-119, 125-126.)
- (2) Wanneer Lyotard die vraagstuk van die legitimering van hedendaagse wetenskaplike kennis na vore bring, sê hy: "We no longer have recourse to the grand narratives", wat op sy beurt inhoud: "... the principle of consensus as a criterion of validation seems to be inadequate" (Lyotard, 1984:60). Hy slaan hierdie spyker diep in as hy effens later weer betoog: "Consensus is a horizon that is never reached" (Lyotard, 1984:61). Wanneer dit lyk of die heersende wetenskaplike paradigma algemeen aanvaar word en gevolglik stabiliteit en konsensus skyn te skep, is daar

immers altyd weer iemand wat met 'n nuwe ontdekking kom wat die heersende orde van die 'rede' versteur. Hierdie ontdekkings is onvoorspelbaar, en "it is a factor that generates blind spots and defers consensus" (ibid.) Teenoor konsensus kies hy dus eerder vir 'n legitimasiemodel "that ... has as its basis difference understood as paralogy" (Lyotard, 1984:60). Nicholson som Lyotard se betoog bondig op deur te sê (1989:199):

He makes a plea for what he calls 'paralogy', the technique of identifying and undermining the metaprescriptives of established language games by constant innovation and experimentation in order to generate new ideas. In contrast to 'homology', or consensus, paralogy provides a new model..."

Van der Walt (1996:171) toon aan dat die begrip *paralogie* ook in die hedendaagse opvoedkunde sy verskyning maak:

Die postmodernistiese gedagte van paralogie in die opvoedingsdenke kom daarop neer dat die deelnemers aan en die waarnemers van die opvoedingsproses altyd ingestel bly op vernuwende denke, op eksperimentering om nuwe gedagtes te ontwikkel. Paralogie dui op 'n verbrekking van konsensus oor opvoeding.

Afgesien van die eggo van die eksistensialistiese 'mens onderweg' is paralogie 'n nuwe gewaad van die ou skeptici se oortuigings: eerstens van Sextus se woorde ..."we Sceptics keep on searching"; tweedens van hulle afkeer en verwerping van die stoisynse gedagte van konsensus, gegrond in die universele rede.

- (3) Agter die voortdurende soeke na vernuwende denke, waartoe Sextus, Lyotard en moderne opvoedkundiges aanspoor, lê die besef van ons gebrekkige subjektiewe én konteksgebonde manier van ken. Op die oog af lyk dit asof die Postmodernisme die kontoere net skerper getrek het. Hawthorne (1994:180) haal Harvey in dié verband aan:

David Harvey has argued that modernism took on multiple perspectivism and relativism as its epistemology for revealing what it still took to be the true nature of a unified, though complex, underlying reality ...Postmodernism tends to retain the relativism while abandoning the belief underlying reality.

Die vraag is net of die kontoere werklik skerper getrek word as wat Gorgias met sy nihilistiese stellings reeds gedoen het, of wat Sextus met sy verbod op dogmatisering voorskryf.

- (4) Die sofiste het wette en norme as uiting van sosiale konvensies gesien. Die skeptici het die stoïsyne se *grand design* van 'n universele logos (rede), wat alle dinge deurgloei, probeer nekomdraai. Daarteenoor het die skeptici probeer om die geografies wisselende sosiale patrone én die historiese relatiewiteit van die multi-kulturele Hellenistiese samelewing te bewys. Hierdie bewys was terselfdertyd die verklaringsleutel, wat relatiewiteit tot relativisme verhef het. So word relativisme as 'rolspeler', as toonaangewende 'karakter' op die filosofiese (en wetenskaplike) verhoog bekend gestel. In ons (postmoderne) tyd het 'n afstammeling van hierdie karakter wéér die wetenskaplike verhoog binnegestorm. Dit was nie onverwags nie, want Comte (1798-1857), die "father of sociology" (Singer, 1979:354), wat met sy empirisme die strydbyl teen elke vorm van metafisika en algemene beginsels aangê het (Feisser, 1957:273), het hom reeds sy moderne kostuum en grimering gegee. Onder die kostuum van die nuwe rolspeler was die bloedlyn met die ou Griekse karakter sigbaar — die verbinding van die sosiologiese en historiese aspekte (Klapwijk, 1970:245). Tans het die nuwe rolspeler nog 'n klompie fraaiings aan sy kostuum bygekry en domineer die wetenskaplike verhoog onder die vermomming van sosiale analise of — nog meer indrukwekkend: sosio-historiese analise. Hoe wyd en deeglik hierdie karakter sy septer oor die wetenskappe swaai, is 'n verhaal wat buite bestek van hierdie artikel val. Daar word volstaan met die paar sydelingse opmerkings oor wat hy in die moderne opvoedkunde vermag, soos aangedui in die vorige drie punte.

6. VOORLOPIGE BESTEKOPNAME

Die Postmodernisme ontken die bestaan van enige vorm van 'n *grand design* (Hendriks, 1996:498). Dis wars van alle metafisika, van algemene waarheid, van adekwate kennis. Die frekwensie waarmee met Postmodernisme omgegaan word, dui egter op 'n verkoopdruk van die term omdat dit inherent waardevol moet wees (waarom

anders?). Op hierdie manier skryf die postmoderniste hulle eie metanarratief (kyk Van der Walt, 1996:174). Die enigste absolute vertrekpunt is dat alles relatief is (vgl. Cooper, 1993:109).

Die herverskyning van sofisme en skeptisisme is self ten slotte die bewys dat daar algemene kenteoretiese opvattinge en verklaringspatrone is wat selfs die postmoderniste in hulle ongekarteerde vaarwaters nie kan ontwyk nie.

Die Christenwetenskaplike kan dit begryp. Hy weet immers dat alle pogings om die wetsy van die werklikheid in die subjeksy te probeer oplos (of andersom) vir die wetenskap slegs eensydige slagysters stel (vgl. vir die slagysters bv. Freadman en Miller, 1992:138). Hy sien 'In U lig' die eenheid, verskeidenheid en samehang van die skepping en eerbiedig dit. Hierdie visie vrywaar hom/haar ook van 'n eensydige keuse tussen die epistemologiese dilemmas van byvoorbeeld rasionalisme of empirisme (kyk Singer, 1979:415-422).

7. DIE TEËBEELD: DIE KRUIS EN DIE GRAND DESIGN

Hierbo is genoem dat die sofiste meesters van die grammatika en die retoriek was. Tans word nog 'n paar treë op die pad van die retoriek gegee omdat die Skrif ook sydelings iets daarvoor vermeld. Oor die *grand design* van die geskiedenis trek die Bybel duidelike lyne.

In 1 Korintiërs 1 vers 17 skryf Paulus die volgende:

Want Christus het my nie gestuur om te doop nie, maar om die evangelie te verkondig, nie met wysheid van woorde nie, sodat die kruis van Christus nie verydel mag word nie (1953-vert.).

Die 1983-vertaling gee die woorde van Paulus soos volg weer:

Christus het my immers nie gestuur om te doop nie maar om die evangelie te verkondig, en dit nie met woorde van menslike wysheid nie, want dan sou die kruis van Christus sy krag verloor.

Hier is net die sinsnede "met wysheid van woorde" (1953-vert.) of "met woorde van menslike wysheid" (1983-vert.) ter sake, omdat Paulus hier heel waarskynlik die populêre retorika, wat die Grieke so graag wou hoor, kategories afwys. In die oorspronklike Grieks staan

en sofiai logou (*logou*= gen. enkv. sonder lidwoord van *logos*, 'woord'), wat dus letterlik beteken: 'met wysheid van woord', of, in beter Afrikaans gesê: 'met woordwysheid'. 'Woordwysheid' lê reeds dig by die retoriek. Die vermoede dat hier na die retoriese vaardigheid verwys word, word versterk deur Wilckens se aanwysing uit oorspronklike bronne dat *sofia* sedert die tyd van Homeros "ein sachlich vollendetes und darum aussergewöhnliches Können und Wissen" aandui (TWNT, 7:467). *Sofia* beteken vaardigheid, kundigheid, "meesterskap" in praktiese en teoretiese dinge (ibid, 7:468).

Preaching was St Paul's great work, but his aim was not that of the professional rhetorician. Here he rejects the standard by which an age of rhetoric judged a speaker. The Corinthians were judging by externals (Robertson & Plummer, 1963:15-16).

Retoriese woordrykheid en spitsvondigheid word verwerp omdat dit die kruis (letterlik) sou 'leegmaak'. Dis 'n sterk woord, wat in die verskillende verbande waarin dit voorkom deur die 1953-vertaling weergegee word met *ontledig* (Fil. 2:7), *verniet* (Fil.2:16), *tevergeefs* (Gal.2:2) en *waardeloos word* (Rom. 4:14). Deur die evangelieprediking met woordkundigheid op te smuk, sou die kruis van sy *krag* beroof word (1983-vert.). Meer nog: dit sou van sy unieke historiese *betekenis* ontdoen word (vgl. Louw & Nida, 1988, 1:683).

Die skerp afwysing van Paulus kry eers sy ware kontoere wanneer in gedagte gehou word dat die retoriek sedert die dae van die sofiste deur 'n subjektiewistiese kenteorie en 'n relativistiese beskouing van wette en norme gedra is. Deur op sy beurt met woordtegnieke en logiese behendigheid 'n ewe sterk argument vir of téén 'n saak aan te bied, het die retoriek juis die lewensbeskoulike elemente van subjektiwisme en relativisme gevoed. Terwyl hierdie beskouing in ons postmodernistiese tyd weer op die wetenskaplike toneel verskyn en die kruis as een van baie religieuse opsies voorgehou word, beteken Paulus se verwerping van die retoriek: die kruis is nie een van vele opsies nie; die kruis kán en mág nie gerelativeer word nie.

Waarom nie? Omdat juis in die kruis die misterie, die *grand design*, wat van alle eeue af verborge was (Ef. 3:9), aan die lig getree het, naamlik dat hulle wat ver was nou naby gekom het en die

middelmuur van skeiding tussen Jood en heiden afgebreek is (Ef. 2:13-18).

In ons postmodernistiese tyd word Paulus se betoog in die Efesiërbrief dikwels met die tong in die kies as subjektiewe (en moontlik agterhaalde) 'Pauliniese teologie' bestempel. Dit beteken dat Paulus se argument deur ander ewe geldige argumente geneutraliseer kan word. Tog praat die geskiedenis 'n ander taal. Nie die opgesmukte woordwysheid nie, maar die eenvoudige "woord van die kruis" (1 Kor. 1:18) het die 'global village' van die Hellenistiese wêreld deursuur en die één nuwe volk van God vergader — 'n proses wat in ons moderne 'global village' nog voortgaan. Om dít te sê is geen metafisiese spekulاسie nie, maar 'n sien van die geskiedenis in die lig van die openbaring — 'n geskiedenis wat prefiguratief reeds in die Ou Testament belig word as God in die tabernakel onder sy volk kom woon (Eks. 25:8), wat in die Woord, wat onder ons kom 'tabernakel' het (Joh. 1:14) 'n nuwe dimensie kry, en wat uitloop op: "Kyk, die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees" (Op. 21:3).

Wanneer die Christenwetenskaplike sy werk "In U lig" doen, sal hy aan die een kant van die Postmodernisme tog kan leer om op sy hoede te wees vir die rasionalisme van die Modernisme (hoe ook al geformuleer). Hy sal egter bo alles die Postmodernisme (of hiper-Postmodernisme of watter ander modewoord ook al) sien vir wat dit is: 'n afstammeling van die ou Griekse toneelspeler in 'n nuwe kostuum.

BIBLIOGRAFIE

ANON

1890. Sextus Empiricus. In Meyers Konversations-Lexikon, 14:903.

ANON

1973. Gorgias. In Ensiklopedie van die wêreld, 4:454.

COOPER, J W

1993. Reformed Apologetics and the Challenge of Post-Modern Relativism. *Calvin Theological Journal* 28(1):108-120.

DE VILLIERS, P G R

1991. The End of Hermeneutics? On New Testament Studies and Postmodernism. *Neotestamentica* 25(1):145-156.

FEISSER, J J L

1957. Comte. In Christelike Encyclopedie, 2:272-273.

FERGUSON, J

1973. *The heritage of Hellenism*. London: Thames and Hudson.

FREADMAN, R & MILLER, S

1992. *Re-thinking theory*. Cambridge : Cambridge University Press.

HABERMAS, J

1991. *The Philosophical Discourse of Modernity*. Transl. by F.G. Lawrence. 5th pr. Cambridge, Mass.: MIT.

HAWTHORNE, J

1994. *A glossary of contemporary literary theory*. 2nd ed. London: Arnold.

HENDRIKS, H J

1996. Modernisme: ten diepste ons identiteit? In die Skriflig, 30(4):489-501.

JENCKS, C

1996. *What is Post-Modernism?* 4th ed. London: Academy.

Klapwijk, J

1970. *Tussen historisme en relativisme*. Assen: Van Gorcum.

LOUW, J P & NIDA, E A (eds)

1988. *Greek-English Lexicon of the New Testament*. Vol. 1. New York: UBS.

- LUCIE-SMITH, E
1988. *Symbolist Art*. Repr. London: Thames and Hudson.
- LYOTARD, J-F
1984. *The Postmodern condition: a report on knowledge*. Transl. from the French by G. Bennington and B. Massumi. Manchester: Manchester University Press. (Theory and History of Literature, vol.10.)
- NICHOLSON, C
1989. *Postmodernism, feminism, and education: the need for solidarity*. *Educational Theory*, 39(3):197-205.
- OELKERS, J
1987. Die Wiederkehr der Postmoderne. Pädagogische Reflexionen zum neuen fin de siècle. *Zeitschrift für Pädagogik*. 33(1):21-40.
- ROBERTSON, A & PLUMMER, A
1963. *A critical and exegetical commentary on the first Epistle of St Paul to the Corinthians*. 2nd ed. repr. Edinburgh: Clark.
- ROSE, M A
1992. *The Post-Modern and the Post-Industrial. A Critical Analysis*. Repr. Cambridge: Cambridge University Press.
- SINGER, C G
1979. *From rationalism to irrationality*. Phillipsburg, N.J.: Presbyterian and Reformed.
- SPREY, K
1960. Protagoras, In *Christelijke encyclopedie*, 5:519.
- STEVENS, I
1996. Postmodernism, structuralism, post-structuralism, deconstruction and art criticism. *De arte* 54:32-42. Sept.
- STUMPF, S E
1975. *Socrates to Sartre: a history of philosophy*. 2nd ed. New York: McGraw-Hill.
- UEBERWEG, F
1920. *Grundriss der Geschichte der Philosophie des Altertums*. Elfte neubearbeitete Aufl. Herausg. K.Praechter. Berlin: Mittler.

VAN DER WALT, J L

1996. Die postmodernistische opvoedingsbenadering: 'n opvoedingsfilosofiese diskussie. *Koers* 61(2):167-179.

VOLLENHOVEN, D H TH

1950. *Geschiedenis der wijsbegeerte, dl.1*. Franeker: Wever.

WILCKENS,

1964. Sofia. In *Theologisches Wörterbuch zum Neuen Testament*, 7:465-475; 497-529.

WINDELBAND, W

1923. *Geschichte der abendländische Philosophie im Altertum*. Vierte Aufl. Bearb. von A. Goedeckemeyer. München: Beck.

ZELLER, E

1909. *Outlines of the history of Greek philosophy*. Transl. by S.F. Alleyne and E. Abbott. London: Longmans, Green.